

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 17

(Elia het) tot die Here geroep en gesê: “Here my God, bring U selfs oor die weduwee by wie ek my as vreemdeling bevind, onheil deur haar seun te laat sterf?” (vers 20, 2020-vertaling)

Hierdie hoofstuk is vol drama, met die eintlike stryd tussen God en Baäl, die god van reën en vrugbaarheid.
Gód laat reën, nie Baäl nie, en Hý laat die reën wegbly.
Eers vlug Elia na die spruit Krit, waar kraaie hom versorg, en toe gaan skuil hy by ’n Sidoniese weduwee. Daar sorg God ook, maar dan sterf die weduwee se seun.
’n Mens kan jou verbaas oor hoe Elia met God praat oor die kind (vers 20). Hy verwyt die Here in sy gebed. En tog antwoord die Here hom! Hoe dan anders? God is immers nie ’n koue, afgetrokke, harde God nie. Hy het in Christus Jesus ons Vader geword. Hy is ’n God wat omgee vir sy kinders, ’n God wat hoor as ons bid, wat ons benoudheid ken.
Moenie bang wees om jou hart voor Hom uit te stort nie! Moenie huiwer om na Hom te gaan met jou vrae en frustrasies en onstuimige gemoed nie. Hy is ook jóú Vader. Hy verstaan jou nood. Kyk gerus na Ps 103:14.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026